MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 14/2025 **25 September 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Our rich and varied cultural heritage has a profound power to help build our nation.

Nelson Mandela

Onder die bekwame leiding van ons nuwe hoofleiers en prefekte het ons vanoggend op luisterryke wyse ons reënboogerfenis herdenk. Die veeltalige, dans- en kultuurgeleentheid bly werklik een van die hoogtepunte op die Midstream-kalender. (Sien ons Facebook-blad vir foto's.) Mag ons geliefde land inspirasie put uit die positiewe energie van ons kinders.

Discipline is the soul of an army. It makes small numbers formidable; procures success to the weak, and esteem to all.

George Washington

Ek wil graag elke leerder en ouer wat hierdie hoeksteen van Midstream College versterk, salueer. Aan die enkeles wat nie ons visie en gedragskode omarm nie, wees gewaarsku, want ons sal nie 'n kompromie aangaan oor ons dissiplinêre standaarde nie. Ons glo vas dat dissipline, drome in werklikheid omskep! Met ons negentiende jaar se uurglas wat stadig leegloop, is dit wonderlik om vir 'n oomblik stil te staan en te kyk wat van die drome van 18 onderwysers en 180 leerders aan die begin van 2007 geword het. Soli Deo Gloria.

Veni, Vidi, Vici. We come, we saw, and we conquered.

Julius Caesar

'n Spesiale woord van gelukwense aan elke graadtien wat die Odyssey oorwin het, voorwaar vuurmaakhout vir die oudag en 'n Carpe-Diem-oomblik wat julle nooit sal vergeet nie. 'n Saluut aan mnr Acres en sy span wat alles glad laat verloop het te midde van dae sonder krag in Haenertsburg. 'n Spesiale woord van dank aan elke onderwyser wat bereid was om as groepleier op te tree. Julle opoffering word opreg waardeer. Ek wil voorts elke ouer bedank wat hulle kinders toegelaat het om hulle vlerke op die Odyssey of een van die graadkampe te sprei.

Ek wil graag elke leerder, onderwyser en ouer 'n heerlike, welverdiende wegbreek van die skoolroetine toewens. Ek is dankbaar dat ons matrieks die rekordeksamen oorleef het. Sterkte aan die enkeles wat eers more (Vrydag) klaarmaak. Die tafel is gedek vir ons beste graad 12-uitslae nóg – hou dié spasie dop. Baie sterkte met die opkomende Lenteskool. Met Louis en Renate aan die spits kan hulle voorwaar terugkyk na vele hoogtepunte. Die afwagting rondom hul matriekafskeid Saterdag 11 Oktober is reeds tasbaar. Hulle finale ghong-afsluitingsfunksie sal Woensdagoggend 15 Oktober plaasvind. Ek hoop om al ons matriekouers daar te sien.

Dissiplinêre Aangeleenthede

Met die afsluiting van hierdie kwartaal, wil ons alle leerders daaraan herinner om die skool se Gedragskode na te kom, veral met betrekking tot voorkoms en die dra van die korrekte skooldrag.

Ons sal aan die begin van die nuwe kwartaal dit wat in die bestaande beleid uiteengesit is, streng toepas. Hierdie beleid is op ons skool se webblad beskikbaar. Ons doen dus ‘n beroep op u as ouers om ons in hierdie verband te ondersteun en toe te sien dat u kind reeds vanaf die eerste dag terug by die skool aan hierdie vereistes voldoen.

U samewerking is van groot waarde in ons strewe om die waardes en dissipline van die skool te handhaaf.

ODYSSEY

Na nóg ’n unieke Odyssey wil ons graag vir mnr Acres en sy passievolle HK-span met uitstekende werk gelukwens. Dit was werklik ‘n spanpoging, met ’n invloed wat veel wyer as net die HK strek. Ons opregte dank gaan aan ons borge, ondersteunende ouers, veral Power Fleet en Isuzu, wie se ruim bydrae hierdie reis moontlik gemaak het. Spesiale dank aan ons toegewyde groepleiers, wat met elke voetspoor wat in *Odyssey-land* gelaat is, hul betrokkenheid en toewyding sigbaar gemaak het. En laastens, geluk aan elke leerder wat hul eie Odyssey oorwin het – julle is die hartklop van hierdie reis. Klik op die volgende skakel vir die Odyssey-foto’s: Odyssey 2025

Belangrike Datums - Oktober

11 Oktober	Matriekafskeid
13 Oktober	Verpligte skooldag vir graad 12
14 Oktober	Skool heropen Gr. 8 – Gr. 11 Verpligte skoolbywoning vir Gr. 12’s IEB-eksamenreëlings begin van die dag (ouditorium). Damesaand (18:00)
15 Oktober	Graad 12-afsluitings- & ghongfunksie (07:30)
16 Oktober	IEB-eindeksamen begin
20 Oktober	Prysuitdeling

AKADEMIE

EKSAMENROOSTER: NOVEMBER
Die finale weeergawe van dié rooster is op die skool se webtuiste beskikbaar.

SPORT

Klik op die skakel vir sportuitslae.

KULTUUR

Klik op die skakel vir kultuuruitslae.